Wêreld-bekende kenner in prediking (Thomas Long) besoek Bloemfontein 15-16 Maart, 2018.

Thomas (Tom) Long benodig eintlik geen formele bekendstelling nie. Baie mense is bekend met sy talle publikasies (artikels en boeke) oor baie jare. Hy het ook 'n sterk invloed op ons eie homiletiese landskap in Suid-Afrika oor jare heen gehad. (In 1996 het Baylor Universiteit professor Long aangewys as een van die invloedrykste predikers van die laat 20ste eeu; genoem in dieselde asem met ander name soos Fred Craddock, Billy Graham, James Forbes, Barbara Brown Taylor en William Willimon. Vervolgens gee hy oor baie jare klas by hoogaangeskrewe instellings soos Princeton, Erskine, Columbia, en Candler.) Sy invloed op ons eie teologiese klaskamers en voorgangers word vandag as onbetwiste feit aanvaar. Binne 'n paar weke besoek hy en sy vrou Kimberly Bracken Long, ook 'n wyd- gerespekteerde liturgiese kenner, ons om op hul jare lange kennis en werk saam te reflekteer in die geselskap van almal wie geroep is om week na week getuies van die Goeie Boodskap te wees.

Hul besoek behels volgende 3 sake:

- Ons begin die oggend van die 15de met 'n oggend en middagsessie op sy bekende boek, *The Witness of Preaching* (1989, 2005 en 2016). (Hierdie boek is onlangs aangewys deur *Preaching Magazine* as eenvan die mees invloedryke handboeke in prediking die afgelope 25 jaar.)
- Tweedens, opgevolg deur 'n vroeë aandsessie met hom oor die belang van liturgie en aanbidding deur saam te reflekteer op nog 'n ander klassieke boek van hom, getiteld *Beyond Worship Wars – Building Vital and Faithful Worship* (2001). Ons doen hierdie 2de fokus juis in die aand om sodoende soveel moontlik mense te betrek wat ook 'n passie en liefde deel vir die saak van verdieping en vernuwing in ons eredienste en aanbiddingspraktyke.
- Derdens, sal daar die volgende dag (16/3) 'n openbare lesing wees by die Fakulteit Teologie en Religie (UV) in die vorm van 'n onderhoud met beide Tom en Kimberly oor hul werk. Daar sal ruim tyd vir verdere vrae en kommentaar wees insake hoe hul oor die huidige stand, tendense en uitdagings rakende hierdie besonderse roeping en getuienis dink.

In kort, ons het 'n besondere geleentheid en besoek wat op ons wag. Ek sien uit daarna om soveel moontlik van julle daar te sien

Kontak my gerus indien daar enige verdere navrae is

Vriendelike groete

Martin Laubscher
laubscherm@ufs.ac.za
076 477 3680.